

Hanmari Kloppers en
Hetta Potgieter

Die sprokie: “Die kalfkoning”

Hanmarie Klopper is ’n musiek-
opvoedkundige en violis. Sy woon
in Hamburg, Duitsland. Hetta
Potgieter is verbonde aan die
Musiekdepartement van die
Universiteit van Pretoria.
E-pos: potgiet@postino.up.ac.za
h_spiegel@t-online.de

The Fairy Tale: The Calf King

Fairy tales are special stories, developed from hundreds of years of story telling. Through the years details added by individual storytellers disappear and concise stories, dealing with universal themes, remain. The images or metaphors portrayed in fairy tales are still relevant in 2003. Research has shown that fairy tales appeal to the child’s concept of fantasy, and help the child to develop an understanding of life and of his/her emotions. *Vom Kalderlkönig* (The Calf King) is an unknown fairy tale. The short introduction emphasizes that fairy tales are quality literature and an art form. This fairy tale is freely translated from the German into Afrikaans. As in the case with other art forms the meaning of the fairy tale depends on the imagination and age of the reader. Following the translation into Afrikaans of *Vom Kalderlkönig* a general interpretation is given and annotations are made.

Inleiding

Sprokies is verhale wat die mens van sy vroegste kinderjare ken. Die tema van ’n sprokie is eenvoudig en die tonele, wendinge en oplossings “sprokiesagtig”. Die navorsing wat die outeurs oor sprokies gedoen het, berus hoofsaaklik op die werk van Drewermann (1996), Kast (1996, 1998) en Bettelheim (1997). Die betowering wat ’n mens by die lees van ’n sprokie ervaar, is volgens Bettelheim (1997: 19) nie aan die psigologiese betekenis daarvan te wyte nie, maar aan die literêre kwaliteit: die sprokie is ’n kunsvorm. Soos by ander kunsvorme, hang die betekenis van die sprokie van die leser of hoorder se verbeelding en lewensfase af. Dit betrek die kind in sy geheel. Die kind moet homself leer verstaan om ander mense beter te begryp en sodoende sinvolle en bevredigende verhoudings aan te knoop.

’n Sprokie praat in simbole en beelde wat in holistiese prosesse saamgevat is. Volwassewording, probleemoplossing, moraliteit, polariteit, konflik, geluk, kleur en handeling word in die storielyn van ’n sprokie ingewef. Die doel van hierdie artikel is om ’n onbekende sprokie, *Vom Kalderlkönig* (“Die kalfkoning”), aan die leser bekend te stel. Dié sprokie is vry vertaal uit *Familienkonflikte im Märchen* (Kast, 1998: 35-42). Daarna volg rigtende aantekeninge.

“Die kalfkoning”

Daar was eendag ’n koning en ’n koningin wat geen kinders gehad het nie, en hulle was baie hartseer daarvoor. “Ag, as ek tog maar net ’n kind kon hê,” het die koningin gesê, “dan sou ek so gelukkig wees. Ek sou selfs tevrede wees as dit net ’n kalf is.” En hoe het hulle nie geskrik toe die wens waar word nie! Wat ’n treurigheid ... hulle was konings en moes nou ’n kalf as kind hê! Maar die ouers het hulleself gou getroos en gesê: “Nou ja, ’n kalf is darem beter as geen kind nie.” In die stal het daar juis op daardie stadium ’n koei gestaan wat vol in die melk was.

Die kleine koningseun moes aan die koei drink en hy het toe sommer daar in die stal bly woon. Hy het sy eie dienskneg gehad wat vir hom moes sorg en moes toesien dat die kalfie niks kortkom nie.

Toe die kalfie ses jaar oud was, het hy begin praat en gesê hy wil skool toe gaan. Die moeder het geskrik toe sy dit hoor: hulle was immers konings en moes nou ’n kalf skool toe stuur. In haar vertwyfeling laat sy toe die skoolmeester roep. Dié sê toe sy moet die kalf skool toe stuur. Die skoolmeester belowe hy sal toesien dat die ander kinders die kalf nie uitlag nie.

In die skool was die kalfie baie fluks en dit was nie lank nie, of hy is hy die beste leerling in die hele skool. Toe sê die kalfie dat hy graag na die universiteit toe wou gaan om verder te leer. Die koningin het toe eers skaam gekry, want dit sou beteken dat sy die kalf na die stad toe moes stuur. Maar die kalf het haar nie met rus gelaat nie. Hy wou universiteit toe gaan en sy moes op die ou end toegee. So gesê, so gedaan, en gou-gou was die kalf slimmer as al die leermeesters by die universiteit.

Toe hy klaar studeer het, het dit nie lank geduur nie, of hy wou ’n ridder word. Die koning het toe baie skaam gekry en gesê: “Dit sal darem baie snaaks lyk as ’n kalf op ’n perd ry!” Maar ons kalf-vriendjie het die koning nie met rus gelaat voordat hy vir hom die beste perd gekoop het nie. Die mense het die koddige toneeltjie gesien en gelag, maar die kalf het hom nie aan die mense gesteur nie, en kort voor lank was hy die vinnigste en beste ridder in die hele land.

Na twee jaar het die kalf vir sy pa gesê: “Pa, ek wil trou. Help my om die regte bruid te vind.” Die koning kon sy seun se wens nie weier nie en het geduldig by al die buurlande navraag gedoen. Uiteindelik het hy met goeie nuus tuisgekom: in ’n ver, ver land het daar ’n koning met twaalf dogters gewoon. Dalk sou daar onder hulle een wees wat met ’n kalf wou trou. Dadelik het die koning hom vir die reis gereed

gemaak, kos vir die kalf ingepak, en die twee het te perd in die pad geval.

Toe hulle naby die koningshof kom, het die kalf van sy perd afgeklim en die koning het die kalf aan 'n tou tot by die hof gelei. Hy het die kalf buite die poort laat staan, asof die kalf glad niks met hom te doen gehad het nie, geklop en alleen binnegegaan. Die vreemde koning het hom vriendelik en gasvry ontvang en hom na die kamer gelei waar al twaalf dogters gewag het. Hy het eers niks van die kalf gesê nie en net gevra hoe dit met die dogters gaan en of hulle gesond is. Al twaalf het geantwoord dat dit goed met hulle gaan en dat hulle baie gesond is. Dit kon ook nie anders nie, want die een se wange wou rooier as die ander een s'n wees.

"Gaan werk nou eers," het die pa vir sy twaalf dogters gesê, en 'n mens kon sien dat hy baie trots op hulle was. "Julle kan tog nie hier staan en alles hoor wat ek en die vreemde koning praat nie."

Toe die twee konings uiteindelik alleen was, kom die koning met die sak patats vorendag: "Ek het 'n seun wat 'n kalf is en hy wil trou. Dink jy nie dat een van jou twaalf dogters hom dalk as man sou wou neem nie?"

Die vreemde koning antwoord toe: "Ek sou baie daarvan hou om 'n skoonseun te hê, maar 'n kalf? Ek weet nie of een van my dogters daartoe bereid sou wees nie. Miskien die jongste, maar laat ek hulle roep dan vra jy hulle self." So gesê, so gedaan.

Maar toe die arme koning hulle die waarheid vertel, het die een na die ander dogter hom uitgelag.

Die jongste dogter het egter gesê: "Ja, ja, ek sal met hom trou, ek sal daarvan hou om 'n kalf as man te kry." En hoe bly was ons koning nie! Hy het dadelik alles vir die bruilof in gereedheid gebring en so het die jongste dogter met die kalf getrou. Na die bruilof moes die bruidjie van haar familie afskeid neem, en saam met haar nuwe man en sy vader na hulle koningryk vertrek.

Al was sy 'n bietjie hartseer om haar ouerhuis te verlaat, was sy bly dat sy nou nie meer die verwyte van haar ouer susters oor haar keuse van 'n man sou moes aanhoor nie. Tuis aangekom, het Die kalfkoning sy nuwe bruid in die pragtige huis waar hulle voortaan sou bly, ingelei. Toe dit aand word, trek hy sy diervel uit en daar staan die mooiste man wat die jong koningin ooit gesien het. Niemand behalwe die jong koningin het geweet wat die ware toedrag van sake was nie, want in die oggend het hy weer sy kalfsvel aangetrek en die hele dag daarmee rondgeloop.

Toe die jong vrou 'n tyd lank getroud was, sê sy op 'n dag vir haar man: "Ek wil graag vir 'n paar dae teruggaan na my ouerhuis. Ek verlang baie na my familie en wil my ouers en susters so graag weer sien."

Die kalfkoning het ingestem, maar haar baie mooi gevra om hom nie te verrai nie. Hy sê toe: "As jy my verrai, is dit verby met ons geluk, en sal ek van jou af moet weggaan en jy sal my nooit weer sien nie." Die jong koningin het belowe om die geheim te bewaar en is na haar ouerhuis toe.

Toe sy by die huis aankom, het haar ouers en susters dadelik begin om haar te verwyt: "Jy het so 'n groot skande oor ons huis gebring! Almal lag ons uit, as hulle hoor dat ons dogter met 'n kalf getrou het. Wat het jy ons met jou dwaasheid aangedoen!" En die susters spot verder: "Voordat ons 'n kalf as man neem, neem ons liever geen man nie. Jy is seker baie ongelukkig met jou kalf-man."

Dit het vir die jong koningin te erg geword en voordat sy haarself kon keer, glip die geheim oor haar lippe en vertel sy haar familie dat haar kalf eintlik die mooiste man is. En dadelik het almal haar raad begin gee.

Die ouers het gesê: "Weet jy wat? As hy slaap, steel jy skelm sy kalfsvel en gooi dit in die vuur." En die susters het saamgestem: "Maak soos Pa en Ma sê, dan moet hy vir altyd sy ware gestalte behou."

Toe die jong koningin weer by haar man was, kon sy die gekerm van haar familie nie vergeet nie. Sy kon nie besluit of sy na haar familie of na haar man moes luister nie. Sy het by haarself gedink: "Kan dit dan so sleg wees om die vel te verbrand? Almal moet mos kan sien dat ek die reg het om so trots op my man te wees."

Kort daarna neem sy die kalfsvel, terwyl haar man diep slaap, en gooi dit in die vuur. Knetterend verbrand die vel toe in die helder vlamme en toe daar nog net as oor was, word die jong koning wakker.

"O wee, wat het jy gedoen?" vra hy toe hy sy oë oopmaak. "Ek het niks gedoen nie", stamel die jong koningin verward en besef dat dit te laat is. Sy het haar dwase daad bitterlik berou.

"Nou moet ek vort", sê die koning toe treurig, "en jy sal my nooit weer sien nie." Voordat die koningin vaarwel kon sê, het hy reeds vertrek.

Die arme koningin het bitterlik gehuil en kon nie glo dat sy haar geluk in 'n enkele oomblik vernietig het nie. "Ag, as ek hom tog net nie verrai het nie", het sy gekla. "Ek sal nie rus voordat ek hom weer gevind het nie." Sy het besef dat sy so lief vir hom was, dat sy nie kon

ophou om aan hom te dink nie. Hartseer het sy haar skoonouers se huis verlaat en in die pad geval om na haar man te gaan soek. Sy het egter nie geweet waar om na hom te soek nie en niemand kon haar raad gee nie.

Rusteloos het sy deur die wêreld gereis. Haar voete was stukkend, maar sy het nie daarop ag geslaan nie. Toe sy amper wou moed opgee, kom sy op 'n klein sonnetjie af. Sy vra toe vir die sonnetjie: "Het jy dalk my man gesien en kan jy my sê waar hy is?"

Die klein sonnetjie antwoord: "Dit weet ek nie. Gaan na my suster, die groot son. Sy weet meer as ek."

Dit was al aand toe die koningin by die groot son uitkom en vra: "Liewe son, ek soek my man. Het jy hom dalk gesien en kan jy vir my sê waar hy is?"

Die groot son antwoord: "Dit weet ek ongelukkig nie, maar gaan na my broer, die klein wind. Hy blaas in elke hoekie in en sal jou dalk kan help. Maar hier is vir jou 'n goue hennetjie. Jy sal haar dalk eendag nodig kry."

Die jong koningin het die hennetjie in haar bondeltjie gebêre, die son bedank en is daar weg om die kleine wind te gaan soek. "Ag liewe wind, het jy dalk my man gesien?"

"Ek het hom nie gesien nie, maar dalk kan my groot broer, die stormwind jou help. Hy waai verder as ek in die wêreld en het jou man dalk gesien. Maar hier is vir jou 'n goue haantjie. Dalk sal hy jou eendag help."

Die arme koningin kon geen rus vind nie. Toe sy by die stormwind aankom, vra sy hom na haar man. "Ja, ek weet waar jou man is", antwoord die stormwind. Hy gee aan haar 'n goue spinwieleetjie en sê dat sy dit goed moet oppas, want sy sou dit eendag nog nodig kry. "Gaan nou waarheen ek jou lei en vertrou my. Ek sal jou die pad na jou man wys."

Die jong koningin was baie bly dat sy uiteindelik op die regte spoor van haar man was. Sonder om haar verder oor die pad te bekommer, het sy haar deur die stormwind laat lei en het oor berge en deur dale gereis, totdat sy in 'n stad ingelei is en op die markplein gaan staan het.

Toe sy voor 'n hoë huis te staan kom, het die stormwind ophou waai en vir haar gesê: "In hierdie huis woon jou man. Jy moet hom egter eers terug wen, want hy is in die mag van 'n bose heks en haar dogter. Die bose heks het hom so getoor dat hy haar dogter as vrou geneem het en heeltemal van jou vergeet het."

Die koningin was baie dankbaar teenoor die stormwind, maar kon nie glo dat haar man haar vergeet het nie. "Het ek dan die hele pad hierheen verniet geloop?", het sy gevra.

Die stormwind het haar getroos en gesê: "Moenie bang wees nie. Ek sal jou sê wat jy moet doen. Luister goed, sodat jy niks vergeet nie: gaan staan hier voor die deur van die huis en haal jou goue hennetjie uit. As die heks se dogter jou vra hoeveel geld jy daarvoor wil hê, sê dan dat jy die hennetjie nie verkoop nie, maar dat jy dit vir haar sal gee as sy jou een nag onder haar dak in haar slaapkamer sal laat slaap. Doen die volgende dae dieselfde met die goue haantjie en die goue spinwielletjie, en moet dit onder geen omstandighede aan haar verkoop nie."

Geduldig het die koningin op die markplein gewag en die goue hennetjie in haar hand gehou. Toe die heks se dogter by die venster uitloer en die hennetjie sien, het sy geweet sy moes dit hê. Sy vra toe: "Hoeveel wil jy vir die hen hê?", maar die koningin antwoord dat dit nie te koop is nie. "Ek sal haar egter vir jou gee as jy my een nag in jou slaapkamer laat slaap." Die heks se dogter was aanvanklik nie met hierdie aanbod tevrede nie, maar haar begeerte na die goue hennetjie het haar verteer en sy het ingestem. Sy het egter gou aan 'n plan gedink om te verseker dat haar man die vreemdeling glad nie te siene sou kry nie.

Vol vreugde het die jong koningin die goue hennetjie aan die heks se dogter oorhandig. Sy kon nie wag dat dit aand moes word nie. Sy was seker dat haar man haar weer sou herken en alles sou onthou. Maar ag, die heks se dogter het haar man 'n sterk slaapmengsel laat drink en die koningin kon hom nie roer of eers effens wakker kry nie. Die nag het verbygegaan en toe dit oggend word, moes die koningin die huis verlaat sonder om een woord met haar man te kon praat.

Toe die koning wakker word, het hy 'n eienaardige gevoel gehad, asof hy baie diep en swaar gedroom het. Die volgende dag het die koningin weer voor die heks se huis gaan staan en die goue haantjie in haar hand gehou. Die heks se dogter het die haantjie gesien en gedink dat dit baie goed by haar hennetjie sou pas. Sy moes hom hê. Die koningin het weer eens gesê dat sy geen geld vir die haantjie sou aanvaar nie, maar dat sy nog 'n nag in die heks se dogter se slaapkamer wou deurbring. Die dogter se begeerte na die haantjie was so sterk dat sy ingestem het. Sy het haar man weer 'n sterk slaapdrankie ingegee en weer kon die koningin hom nie wakker kry nie. Sy het bitterlik by sy bed gehuil. Die volgende oggend, toe die koning wakker word, het

hy die eienaardigste gevoel gehad en besluit om die volgende nag wakker te bly.

Op die derde dag het die koningin met haar spinwioletjie voor die huis gaan staan. "Ek verkoop dit vir geen geld nie", het sy vir die heks se dogter gesê, en dié het ingestem om die koningin 'n derde keer in haar slaapkamer te laat oornag.

Dié aand het die koning die slaapdrankie uitgegooi, sonder dat die heks of haar dogter daarvan weet. Toe die heks se dogter die koningin in haar slaapkamer inlaat, het die koning gemaak asof hy vas slaap. Hy het egter elke woord gehoor wat die koningin en die heks se dogter vir mekaar gesê het, en het hom nie geroer voordat hy seker was dat die heks en haar dogter vas aan die slaap was nie.

Toe die koningin probeer om hom wakker te maak, vra hy saggies: "Wie is jy en waar kom jy vandaan?"

Die koningin antwoord: "Ken jy my nie meer nie? Ek is jou geliefde eerste vrou, wat jou kalfsvel verbrand het!" Sy was so gelukkig dat sy uiteindelik met hom kon praat en het hom vertel hoe die wind en die son en die storm haar gehelp het om hom weer te vind, en hoe gebroke sy was toe sy hom nie wakker kon kry nie. Terwyl sy praat, het die skille van sy oë afgeval en het hy alles begin onthou. Hoe meer hy van die verlede onthou het, hoe kragteloos het die heks se mag oor hom begin raak. Die volgende oggend het hy met sy geliefde vrou na hulle huis teruggekeer. Daar was groot vreugde toe hulle by sy ouerhuis aankom. Toe was alles weer soos vroeër en hulle het gelukkig saamgeleef tot aan die einde van hulle dae.

Aantekeninge

In sprokies word baie aan die verbeelding van die leser of hoorder oorgelaat. Slegs die nodigste feite word verstrekk sonder veel beskrywings.

"Die sprokies is gewoonlik gemoeid met absolute waardes, byvoorbeeld goed teenoor sleg, dapperheid, lis, opregtheid, innerlike krag, ensomeer (Pienaar, 1970: 141). Dus kan die interpretasie van 'n sprokie uiteenlopende verklarings hê wat gelyk is aan die kreatiwiteit van elke leser.

Kast (1996: 10) se intensiewe psigologiese analise van sprokies berus op tegnieke uit die Jungiaanse droomontleding. Sprokieprosesse word op tipiese menslike situasies van toepassing gemaak.

Drewerman (1996: 7) is van mening dat sprokies (soos deur die volkekunde, godsdiensgeskiedenis, simboolnavorsing, letterkunde,

sielkunde en eksistensie-analise) die indruk skep dat die wetenskaplike interpretasie van 'n sprokie 'n moeilike en komplekse onderwerp is.

Vrae wat deur sprokies na vore kom, kan veelsydig wees en op verskillende vlakke funksioneer, maar die antwoorde daarop verteenwoordig meestal 'n enkele insig. Kinders is daartoe in staat om die komplekse waarhede van sprokies op 'n eenvoudige manier te verstaan.

Werklike en egte interpretasie is egter nodig in gevalle waar volwassenes verloor het om soos kinders te begryp. Kast (1998: 13) voeg hieraan toe dat sprokies volwassenes help om aan hulle kinderdae terug te dink en uiteindelik hulle lewensverloop beter te verstaan. Die skrywers van hierdie artikel wil egter daarteen waak om met sedeprekie af te sluit.

Kast (1998: 42-60) het die mees voor die handliggende aspekte soos volg saamgevat en verduidelik:

- *Realiteit/Probleem*: Soos vele ander sprokies begin "Die kalfkoning" ook met 'n koning en koningin wat nie kinders kan hê nie. Hierdie situasie dui op 'n probleem wat meestal by die moederlike, die skepende aspek van Moeder Natuur, by nuutwording en gedaanteverwisseling te vinde is.
- *Besitlikheid*: Die koningin sal met die tweede beste tevrede wees, sy wil iets besit, al is dit 'n kalf. 'n Ander belangrike voorbeeld is die heks se dogter wat die hen, haan en spinwiel moet besit.
- *Probleemoplossing*: Daar is van die begin af 'n afstand tussen die kind en die ouers. Die koning en koningin reël dat die kalf by die koei kan grootword. Dit beteken simbolies dat die ouers die kind wel voed, maar geen menslike kontak opbou nie omdat die kind uit hulle menslike perspektief wanstaltig is. Verder is die koei een van die vroegste simbole van menslikheid. Sy simboliseer die groot versorgende moeder op dierlike vlak.
- *Verwerping/Aanvaarding*: Verskeie insidente van verwerping word beskryf. Die kind kom materieel niks kort nie, maar hy ervaar geen emosionele binding of liefde nie. Dit kom neer op verwerping. Dit gebeur ook wanneer die koning die kalfkind neem om 'n ridder te word en die mense hulle uitlag. Hierteenoor staan die jong bruid se aanvaarding van haar kalf-man.

- *Beskermsmeganismes*: Die dierevel maak dat die wêreld die kind of prins nie sien soos hy werklik is nie. Die vel is dit wat die mens se liggaam van binne en buite begrens. Kast vertel dat sy tydens 'n terapie-werkswinkel ervaar het dat deelnemers nie gretig was om hulle denkbeeldige dierevelle uit te trek nie. Hulle het dit as beskermend beleef, iets waaragter 'n mens jou kan verberg en die wêreld kan verhinder om naby jou te kom. Die aard van die simboliese vel bepaal hoe die mens homself vir die wêreld wys en hoedanig sy verhouding met die wêreld is. Vandaar die uitdrukking "dikvelligheid".

- *Kompensasie*: Die kalf wil vir sy tekortkominge kompenseer en vaar uitstekend op skool en universiteit sodat hy meer aanvaarbaar vir sy ouers sal wees.

- *Konflik*: As die jong bruid vir 'n rukkie wil teruggaan na haar ouers, doen sy dit simbolies omdat sy haar momenteel van die situasie wil distansieer. Die prins se versoek dat sy hom nie moet verraaï nie, kom eintlik te laat omdat sy haar reeds innerlik van hom geskei het. Die gedwonge ontslae raak van die vel is 'n uiters belangrike handeling: hoe gereeld verbrand mens nie die vel van iemand wat naby aan jou is nie? Hoe frustrerend is dit om deur 'n persoon geïgnoreer te word wanneer mens toenadering soek? Of die kalf-koning en sy bruid mekaar weer sou vind, was nie noodwendig 'n gegewene nie en daarom 'n risiko.

- *Deursettingvermoë*: Die jong vrou se deursettingsvermoë laat haar sukses behaal en haar man bevry. Die "stormwind" simboliseer lots-beskikking, die "ander natuurelemente" dui daarop dat sy die probleem nie self kan oplos nie, maar haar deur iets groters moes laat lei. Die "klein sonnetjie" simboliseer hoop. Die "groot son" bewuste oriëntering. Die heks is die "verborge mag" wat oorwin moet word.

Die lewensles wat in sprokies opgesluit is, is dat die moontlikheid bestaan dat 'n krisis kan lei tot groei.

Die sprokie word deur die hoop op verandering en die veranderlikheid van die lewe gedra, asook die wete dat die mens uiteindelik oor genoeg wysheid en krag mag beskik om negatiewe omstandighede positief te verander. Daar is vir die meeste probleme bevredigende oplossings, solank die regte ingesteldheid teenoor sulke probleme bestaan.

Slotsom

“... en hulle het gelukkig saamgeleef tot aan die einde van hulle dae”. Soos vele ander sprokies het ook dié sprokie ’n finaliteit, ’n afgeronde einde. Die konstruksie van die “Die kalfkoning” het ook ’n dramatiese aksie, spanning en klimaks. Hierdie fyn uitgewerkte konstruksie is kenmerkend van goeie letterkunde. Selfs die oënskynlike repetisies en afwagting, is ’n manier om ’n nuwe element by te bring of dit deel is van die karaktertekening (Pienaar, 1970: 140, 141).

Die verhaal van “die kalfkoning” verteenwoordig ’n tradisie wat steeds relevant is. Indien hierdie literêre tradisie verwaarloos sou word, word die kind (en die volwassene) van iets betekenisvols in die ontwikkeling van sy menswees weerhou.

Bronnelys

- Bettelheim, B. 1976. *The Uses of Enchantment: the Meaning and Importance of Fairy Tales*. London: Thames and Hudson.
- Bettelheim, B. 1997. *Kinder brauchen Märchen*. München: Deutscher Taschenbuch Verlag.
- Clarkson, G. 1986. *Fairy Tales: Musical Dramas for Children*. St. Louis: MMB Music.
- Cook, E. 1969. *The Ordinary and the Fabulous: An Introduction to Myths, Legends and Fairy Tales for Teachers and Storytellers*. London: Cambridge University Press.
- Drewermann, E. 1996. *Lieb Schwesterlein, lass mich herein*. München: Deutscher Taschenbuch Verlag.
- Ford, J. 1975. *Paradigms and Fairy Tales: An Introduction to the Science of Meanings*. Boston: Routledge & Paul.
- Kast, V. 1996. *Märchen als Therapie*. München: Deutscher Taschenbuch Verlag.
- Kast, V. 1998. *Familienkonflikte im Märchen*. München: Deutscher Taschenbuch Verlag.
- Kenny, C.B. 1995. *Listening, Playing, Creating*. Albany: State University of New York Press.
- Pienaar, I. 1970. *Die kind en sy literatuur*. Kaapstad: HAUM.
- Van Straten, C.A. 1996. *The Fairy Tale as Paradigm of Inner Transformation: A Comparative Study of Southern African and European Tales*. Unpublished MA dissertation. Pretoria: University of Pretoria.